## General Notices • Algemene Kennisgewings

**DEPARTMENT OF TELECOMMUNICATIONS AND POSTAL SERVICES**

**NOTICE 530 OF 2018**

# PUBLICATION OF EXPLANATORY SUMMARY OF THE ELECTRONIC COMMUNICATIONS AMENDMENT BILL, 2018

1. Notice is hereby given in terms of Rule 276(1)(b) of the Rules of the National Assembly that the Minister of Telecommunications and Postal Services intends to introduce the Electronic Communications Amendment Bill, 2018, in the National Assembly.

2. The explanatory summary of the Bill is hereby published in accordance with Rule 276(1)(c) of the Rules of the National Assembly.

3. The Bill seeks to amend the Electronic Communications Act, 2005 (Act No. 36 of 2005), so as to provide for transformation of the sector through enforcement of broad-based black economic empowerment; to provide for lowering of cost of communications, reduction in infrastructure duplication and encouragement of service-based competition through a wireless open access network; to provide for a new framework for rapid deployment of electronic communication facilities; to provide for new approaches to scarce resources such as spectrum, including the assignment of high-demand spectrum on open access principles; to create a new framework for open access; to provide for the regulation of international roaming, including SADC roaming to ensure regulated roaming costs, quality of service and transparency; to provide for regular market definition and review to ensure effective competition; to provide for an improved quality of services, also to persons with disabilities; to provide for protection of different types of end-users and subscribers, including persons and institutions; to provide for enhanced cooperation between the National Consumer Commission and the Independent Communications Authority of South Africa as well as the Competition Commission and this Authority; and to provide for matters connected therewith.

4. A copy of the Bill can be found on the website of the Department at http://www.dtps.gov.za.

Dr Siyabonga Cyprian Cwele, MP
Minister of Telecommunications and Postal Services

**DEPARTEMENT VAN TELEKOMMUNIKASIE EN POSDIENSTE**

**KENNISGEWING 530 VAN 2018**

## PUBLIKASIE VAN VERDUIDELIKENDE OPSOMMING VAN DIE WYSIGINGSWETSONTWERP OP ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE, 2018

1. Kragtens Reël 276(1)(b) van die Reëls van die Nasionale Vergadering word hiermee kennis gegee dat die Minister van Telekommunikasie en Posdienste voornemens is om die Wysigingswetsontwerp op Elektroniese Kommunikasie, 2018, in die Nasionale Vergadering in te dien.

2. Die verduidelikende opsomming van die Wetsontwerp word hierby ooreenkomstig Reël 276(1)(c) van die Reëls van die Nasionale Vergadering gepubliseer.

3. Die Wetsontwerp het ten doel om die Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005 (Wet No. 36 van 2005), te wysig ten einde voorsiening te maak vir die transformasie van die sektor deur die toepassing van breëbasis- swart ekonomiese bemagtiging; om voorsiening te maak vir 'n verlaging in die koste van kommunikasie, 'n vermindering van infrastruktuurduplisering en die aanmoediging van diensgebaseerde mededinging deur 'n draadlose oop toegangsnetwerk; om voorsiening te maak vir 'n nuwe raamwerk vir die vinnige ontplooiing van elektroniese kommunikasiefasiliteite; om voorsiening te maak vir nuwe benaderings tot skaars hulpbronne soos spektrum, insluitende die toekenning van hoë-aanvraag-spektrum volgens ooptoegangbeginsels; om 'n nuwe raamwerk vir oop toegang te skep; om voorsiening te maak vir die regulering van internasionale swerwing, insluitende SAOG-swerwing ten einde gereguleerde swerwingskoste, die gehalte van diens en deursigtigheid te verseker; om voorsiening te maak vir gereelde markomskrywing en -hersiening ten einde effektiewe mededinging te verseker; om voorsiening te maak vir 'n beter gehalte van dienste, ook aan persone met gestremdhede; om voorsiening te maak vir die beskerming van verskillende tipes eindgebruikers en intekenaars, insluitende persone en instansies; om voorsiening te maak vir groter samewerking tussen die Nasionale Verbruikerskommissie en die Onafhanklike Kommuniksie-owerheid van Suid-Afrika, asook die Mededingingskommissie en hierdie Owerheid; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

4. 'n Afskrif van die Wetsontwerp kan op die webtuiste van die Departement by http://www.dtps.gov.za gevind word.

Dr. Siyabonga Cyprian Cwele, LP
Minister van Telekommunikasie en Posdienste

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**